

Aandring in geloof, of verdring in ongeloof?

Dit gaan in vers 21 tot 43 oor meer as siekte en dood wat deur Jesus weggeneem word. Wat veral hier ter sprake is, is geestelike doodsheid van die mense met wie Hy praat. Die nood in hierdie verse verteenwoordig dan ook die nood van die hele volk Israel. Jaïrus, die owerste van die sinagoge, tree op as verteenwoordiger van die godsdiensteleiers. Die vrou in haar onreinheid tree op as verteenwoordiger van die uitgeworpenes. Maar daar is nog meer ooreenkomste tussen die gebeure in hierdie verse: In albei gevalle gaan dit oor vroue: in die een geval 'n volwasse vrou en in die ander oor die jong meisie Tabita. Al twee die vroue verkeer in 'n toestand van hopeloosheid: die vrou is ongeneeslik siek; die dogtertjie lê op sterwe. Al twee se toestand vervreem hulle van die gemeenskap: die vrou is weens haar siekte kulties onrein; die dogtertjie word deur die dood afgesny. In albei gevalle gaan dit ten slotte ook oor geloof: Vir die vrou sê Jesus: "Dogter, jou geloof het jou gered". Vir Jaïrus sê Hy: "Moenie vrees nie, glo net." Die klemtoon is deurgaans daarom nie op die wonderkrag waardeur Jesus genees en opwek nie, maar op geloof in Jesus.

Ook vir ons is geloof die hoofsaak. Deur geloof word die grootste lyding draagbaar en die mees hopelose situasie word oorbrug, want geloof verbind ons aan die onbepaalde krag van God. Miskien het kerkmense en buitestaanders veel meer in gemeen as wat ons dink. Hulle beleef almal dieselfde nood - sondenood wat hulle van God vervreem. Sonde maak mens onrein en onwaardig om gemeenskap met Hom te hê. Vir dié nood is daar net een antwoord: geloof in Jesus Christus wat reinig en die dood oorwin – geloof wat die inwoners van Nasaret nie het nie. Ken jy dit en verwag jy vandag van die Here dat Hy jou in jou nood gaan bystaan?

Sing: Psalm 89:6

Ds BC Smit (Brits-Wes)